GEBED OM DIE VOORSPRAAK VAN SINT FILIP NERI

Goeie Sint Filip,
in u het die liefde van God soos ’n vuur gebrand,
’n vuur wat nooit ander seergemaak of geskroei nie,
omdat u hart blymoedig was en u woorde sag.
Bid vir my dat ek mag leer hoe om blygeestig te bly wanneer die ongeluk my tref,
vertrouend op U wanneer my vertroue in mense
geknou word,
liefdevol, selfs daar waar liefde nie waardeer word nie.
Help my om God, die Skepper, in elke mens raak te sien;
God, die Seun in elke situasie, hoe hopeloos dit ook al mag voorkom,
en God, die Heilige Gees, as die dryfkrag en inspirasie van alle lewe.
Mag u vreugde in moeilike tye,
u geloof, waar swaarmoedigheid dreig,
u hoop op ’n blye toekoms en u vurige liefde
my eie lewe besiel.
Heilige Filip, Apostel van Vreugde,
bid vir my.